



Beplan vir Aanlyn Leer

Aanlyn leer bied gerief en buigsaamheid. Maar dit kan ook struikelblokke in die pad van suksesvolle aanlyn leer lê, soos dat 'n mens oorweldig voel deur 'n klomp inligting en take wat moet klaar kom. Daarom gee ons hier onder 'n aantal wenke oor hoe om jou tyd die beste te beplan sodat jy jou take vir leer afgehandel kry in die tyd tot jou beskikking.

Ons voorstelle is soos volg ingedeel:

1. Beplan vir elke dag
2. Beplan vir die week
3. Beplan vir die maand



Beplan vir elke dag

Begin elke dag só:

- Gebruik jou weekplan om jou te herinner watter werk jy vir vandag beplan het, en watter onafgehandelde werk van gister ook nog gedoen moet word.
- Kyk op SUNLearn en in jou e-pos of daar enige aankondigings of nuwe inligting ingekom het.
- Probeer volgens 'n roetine werk, en onthou om tussenin ruskanse te neem. 'n Goeie manier om jou konsentrasie te behou, is om in blokke van 45 minute te werk.
- As jy iets op jou doenlysie afgehandel het, merk dit af.

Aan die einde van die dag:

- Kyk weer na jou lysie. Is daar enigiets wat jy vir vandag beplan het, maar nie kon afhandel nie? As daar is, skeduleer tyd op jou weekplan daarvoor sodat jy daarby kan haal.
- Is daar 'n deel van die werk wat jy moes doen waarmee jy hulp nodig het? Is daar enigiets wat jy nie verstaan nie of waarmee jy ondersteuning wil vra? Kontak gerus jou dosent, of plaas 'n vraag daaroor op jou kursus se vraeforum.
- Met watter deel van die werk het dit goed gegaan? Wens jouself geluk!



Beplan vir die week

Maak seker dat jy aan die begin van die week die volgende doen:

- Maak die SUNLearn-blad vir elk van jou modules oop en stel 'n meesterlys op van alle werk wat dié week gedoen moet word.

- Onderverdeel elke inskrywing op jou meesterlys in hanteerbare stappe. Byvoorbeeld, as een taak is om 'n lang hoofstuk in 'n boek te lees, kan jy dit só onderverdeel:
 - Lees en maak aantekeninge oor onderafdeling 1.
 - Lees en maak aantekeninge oor onderafdeling 2.
- Teken enige sperdatums en leweringsdatums vir hierdie week aan, en dui dit op jou weekplan aan.
- Is daar enige “kantoorure”, of leeraktiwiteite (bv. 'n tutoriaalvasvra) wat op 'n vasgestelde tyd hierdie week plaasvind? As daar is, dui dit op jou weekplan aan.
- Kyk op jou maandplan of daar opdragte en sperdatums is wat voorlê en waaraan jy dalk nou moet begin werk of wat jou studeertyd hierdie week kan beïnvloed. Byvoorbeeld, as jy 'n projek het wat oor drie weke ingelewer moet word, moet jy dalk tyd skeduleer om hierdie week met die navorsingswerk te begin.
- Skeduleer tyd om aan elke inskrywing op jou meesterlys te werk (en vir groot take, skeduleer tyd vir elke kleiner stap). Ons beveel aan dat jy, sover dit prakties moontlik is, by jou klasrooster hou. Skeduleer dus die werk vir elke vak in die tydgleuwe waarin jy normaalweg 'n klas daarvoor sou bygewoon het.
- Moenie die skedule vir jou week heeltemal vol maak nie. As dit moontlik is, laat 'n paar ure in die week oop as “buffertyd”. Dit is tyd wat jy kan gebruik om werk af te handel wat langer geneem het as wat jy beplan het, of wat om die een of ander rede verskuif moes word. As jy nie weet waar om te begin nie, hou jou aande oop as tyd waarin jy jou werk vir die dag kan klaarmaak, of gebruik die lesing-ure wat jy gewoonlik vry sou gehad het daarvoor.





Beplan vir die maand

1. Druk, kopieer of trek met jou hand 'n maandplan, of gebruik die een in jou dagboek.
2. Gebruik die plan dan om met die volgende tred te hou:
 - a. inleweringsdatums van werkopdragte,
 - b. assesseringsdatums,
 - c. ander sperdatums, en
 - d. belangrike dinge wat in jou lewe gebeur.



Voorbeeld van 'n Maandplan

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag
30 	31 Maart	1 April	2	3	4	5
6	7	8	9	10	11	12
13	14	15	16	17	18	19
20	21	22	23	24	25	26
27	28	29	30	1 Mei	2	3 

Voorbeeld van 'n Dagplan

	Monday	Tuesday	Wednesday	Thursday	Friday	Saturday	Sunday
Today's main tasks:							
08:00							
09:00							
10:00							
11:00							
12:00							
13:00							
14:00							
15:00							
16:00							
17:00							
18:00							
19:00							
20:00							
21:00							
22:00							